**Dinsdag 10 Maart**
**Skrifgedeelte: Rigters 2:11-23**
**Fokusgedeelte: Rigters 2:18-19**
**’n Ewige Rigter vir sonde-verslaafdes**

Soms wonder ek hoe dit moontlik was dat Israel so gereeld en – na my mening – so maklik na hulle sonde kon terugkeer? Was hulle dan blind vir al die wonderdade van die Here? Dan onthou ek weer dat Israel maar soos ek en jy was: verslaaf aan hulle sonde. Soos ek en jy het Israel ook soms voorgegee dat hulle beter is as wat hulle was. Maar eintlik wil hulle en ons altyd weer na ons sonde toe terugkeer. Daarom het Israel beter lewens geleef terwyl die rigters van die Here geleef het. Daarom het hulle egter ook teruggekeer na hulle sondes ná elke rigter se dood – so het Israel hulle ware kleure as sonde-verslaafdes gewys.

Wat nodig was vir Israel en vir ons, was dat God ’n ewige Rigter sou stuur. Iemand wat ons sonde ewig sou oorwin. Iemand wat ewig oor ons sou regeer. Wat nodig was, was dat die Seun van God ’n mens sou word. Jesus Christus, ons ewige Verlosser en Koning, wat ons van ons sondeverslawing bevry het. Deel van ons troos is dat Christus medelye het met ons swakhede, want Hy was immers in elke opsig net soos ons aan versoeking onderwerp (Heb. 4:15).

Daarom dring die Heilige Gees ons om met vrymoedigheid na die genadetroon te gaan, sodat ons barmhartigheid en genade kan ontvang (Heb. 4:16). Dis alleen maar in en deur ons Here Jesus Christus – ons ewige Rigter – dat ons kan leef as mense wat bevry is van ons sondeverslawing.

*Sing: Psalm 71-1:1*

*Ds. WJ (Willem) Steyn (Potchefstroom Die Bult)*